# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

**SUID-AFRIKAANSE STRAFREG**

**SG**

**903-2/0 A**

SA STRAFREG SG

903 2 0A SG

X05

6 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

# S.A. STRAFREG
# STANDAARDGRAAD

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## MAART 2007

**TYD: 3 UUR** **PUNTE: 300**

## INSTRUKSIES:

1. Beantwoord al **VYF** vrae in jou **eksamenskrif.**
2. Lees die vrae noukerig deur en antwoord **slegs** wat gevra word.
3. Beplan die **lengte** van die antwoorde volgens die **aantal punte** wat aan die vrae toegeken is.
4. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

## VRAAG 1

1.1 Noem **VYF k**enmerke van regsreëls. (10)

1.2 Bespreek gemenereg as 'n bron van strafreg. (30)

1.3 Noem **VIER** oogmerke van straf deur die Staat en bespreek elkeen kortliks. (16)

**[56]**

## VRAAG 2

2.1 Skryf slegs die nommer van die woord/sinsnede in KOLOM A neer en langs dit die letter van die toepaslike antwoord in KOLOM B, bv. 10(j).

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. 'n Handeling wat slegs delik kan wees | (a) Opsporing van beweerde misdadigers |
| 2. Die wyse waarop regsreëls geskep word | (b) Delik |
| 3. Gemenereg | (c) Saakbeskadiging uit nalatigheid gepleeg |
| 4. Kriminalistiek | (d) Kan slegs 'n misdaad wees |
| 5. 'n Element van 'n misdaad | (e) Verkragting |
| 6. Skadevergoeding is ter sprake | (f) Ongeskrewe reg |
| 7. Kan 'n misdaad sowel as 'n delik wees | (g) Wederregtelikheid |
| 8. Minagting van die hof | (h) Misdaad het verval |
| 9. Verjaring | (i) Ontstaansbronne |
| 10. Abrogasie | (j) Deur gewoonte afgeskaf |

(18)

2.2 Noem **AGT** regverdigingsgronde. (16)

2.3 Noem **TIEN** vereistes waaraan toestemming van die benadeelde moet voldoen om as regverdigingsgrond te slaag. (20)

**[54]**

## VRAAG 3

3.1 Die sinsnede '*opsetlike veroorsaking van die dood van 'n menslike wese*' is deel van die definisie van die misdaad **MOORD**.
Noem die **misdaad** wat elk van die volgende sinsnedes verteenwoordig:

3.1.1 '*... met 'n ander persoon ooreenkom ... nie te rapporteer nie ...*'
3.1.2 '*... aangaan van 'n ooreenkoms om 'n voordeel te aanvaar deur 'n amptenaar ...*'
3.1.3 '*... nalatige veroorsaking van die dood ...*'
3.1.4 '*... ontneming van 'n ouer of voog se beheer oor 'n kind.*'
3.1.5 '*... binne die verbode grade van bloedverwantskap, aanverwantskap of...*'
3.1.6 '*... opsetlik 'n wapen, windgeweer of windrewolwer ...*'
3.1.7 '*... ernstige aantasting van die waardigheid of privaatheid ...*'
3.1.8 '*... ontneming van 'n persoon se vryheid van beweging ...*'

(16)

3.2 Watter beskrywing in KOLOM B pas by die misdaad in KOLOM A?
Skryf die nommers 1 tot 6 ondermekaar in jou eksamenskrif neer en skryf langs elkeen slegs die letter van jou keuse, bv. 7(g).

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. Gemeenregtelike meineed | (a) 'n Misdaad teen die lewe |
| 2. Moord | (b) 'n Misdaad teen goeie sedes |
| 3. Rig van 'n vuurwapen | (c) 'n Misdaad teen die vermoë |
| 4. Bigamie | (d) 'n Misdaad teen die veiligheid van die staat |
| 5. Bedrog | (e) 'n Misdaad teen regspleging en staatsadministrasie |
| 6. Sedisie | (f) 'n Misdaad teen liggaamlike integriteit |

(12)
**[28]**

## VRAAG 4

Definieer alleenlik **(sonder enige bespreking)** die volgende:

4.1 Minagting van die hof (18)

4.2 Grafskending (8)

4.3 Aanranding (18)

4.4 Openbare onsedelikheid (10)

4.5 Ontvoering (18)

4.6 Ontvangs van gesteelde goed (8)

4.7 Roof (14)

4.8 Afpersing (10)

4.9 Uitgifte (10)

4.10 Kwaadwillige saakbeskadiging (8)

4.11 Brandstigting (14)

**[136]**

## VRAAG 5

**5.1** Kies slegs die **korrekte antwoord** uit die gegewe moontlike antwoorde en skryf **slegs die letter** van jou keuse **in jou eksamenskrif** teenoor die ooreenstemmende vraagnommer, bv. 5.1.9(b).

5.1.1 ŉ Medepligtige is net betrokke …

(a) tydens die pleeg van ŉ misdaad.
(b) voor die pleeg van ŉ misdaad.
(c) nadat ŉ misdaad reeds gepleeg is.

5.1.2 Die howe het bevind dat huisbraak wel ten opsigte van die volgende gepleeg kan word:

(a) ŉ Toegesluite agterplaas
(b) ŉ Spoorwegwa wat vir goedere gebruik word
(c) ŉ Ingeboude kas in ŉ kamer

5.1.3 Die volgende kan geroof word:

(a) ŉ Onroerende liggaamlike saak
(b) ŉ Roerende of onroerende saak
(c) ŉ Roerende liggaamlike saak

5.1.4 Die uitsaai van propaganda vir die vyand is ŉ voorbeeld van …

(a) sedisie.
(b) hoogverraad.
(c) openbare geweld.

5.1.5 Aanvalle op lede van die publiek of hul eiendom is ŉ voorbeeld van …

(a) sedisie.
(b) openbare geweld.
(c) hoogverraad.

5.1.6 Die volgende is 'n voorbeeld van openbare onsedelikheid:

(a) Die publikasie van onwelvoeglike materiaal
(b) Die afluister van persone waardeur hul privaatheid geskend word
(c) Om 'n hofdokument te gryp en stukkend te skeur

5.1.7 'n *'Wapen'* vir doeleindes van die misdaad **Rig van 'n vuurwapen** is enige vuurwapen en ook …

(a) ammunisie.
(b) die loop van 'n wapen.
(c) die magasyn van 'n wapen.

5.1.8 Menseroof plus die eis van 'n losprys, kan ook die volgende daarstel:

(a) Afpersing
(b) Ontvoering
(c) Kinderdiefstal (16)

5.2 Lees die volgende stellings en dui aan of hulle **WAAR** of **ONWAAR** is deur **WAAR** of **ONWAAR** teenoor die ooreenstemmende vraagnommer te skryf, bv. 5.2.6 – Waar.

5.2.1 Dat diefstal 'n voortdurende misdaad is, beteken dat die diefstal voortduur solank die dief in beheer van die gesteelde goedere is.

5.2.2 Die howe het bevind dat huisbraak nie ten opsigte van 'n spoorwegwa wat vir die vervoer van goedere gebruik word, gepleeg kan word nie.

5.2.3 Indien 'n afperser betrap word voordat die voordeel verkry is, kan die dader aan afpersing skuldig wees.

5.2.4 Sameswering om staatsgeboue en installasies te saboteur, is 'n voorbeeld van sedisie.

5.2.5 By verkragting beteken *'geslagsverkeer'* dat die vrou swanger moes word. (10)

**[26]**

**GROOTTOTAAL: [300]**

**EINDE**